# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXII Nr. 6 PRYS 10c — SPESIALE INTERVARSITY-UITGAWE — VRYDAG, 5 MEI, 1978


# INTERVARSITY — BAIE MEER AS NET RUGBY



## MATIES

Christo Nel
Deon van Blommenstein
Rob Bolus
Willie du Plessis
Agie Koch
Robbie Blair (k)
Divan Serfontein
Bill Niewoudt
Kobus Niemand
Flip van der Merwe
Paul Anderson
Bernard Pienaar (o/k)
Schalk Burger
Jan Geldenhuys
Rob Louw

## IKEYS

Jannie Olivier
Alan Cunard
Dirk Hoffman (k)
Peter Munnik
Tony McKeever
Steve Jacoby
Clive Ginsberg
Derek Gibberd
Graham Dukas
Brent Jordaan
Mark Jordaan
Dave King
Chris Hugo-Hamman
Dave Johnson
Nic Mallet

## Vakante Poste

DIE volgende poste is vakant in die redaksie van *Die Matie* en aansoeke, vergesel van 'n lys van relevante ondervinding (vir die redakteursposte) moet die Voorsitter van die Publikasiekomitee voor 16 Mei om 12h00 bereik:

- Sportredakteur
- Subredakteur: Nuus
- Sportverslaggewer

# 'Ikeys sal keer moet ken'

### DOK CRAVEN EN PIET DU PLESSIS GEE MENINGS

*DIE MATIE* het Dok Cravan in sy kantoor gaan besoek, en hom 'n bietjie gepols oor die Maties se kanse môre, en ook oor die planne wat hy in die mou voer. Volgens Dok strek die feit dat Maties as die gunsteling beskou word, slegs tot hul nadeel. Dit is 'n baie slegte posisie om in te wees, want jy het baie om te verloor. Die Ikeys besef hulle is die "underdogs", en hulle sal alles in die stryd werp om te wen.

Dok benader die wedstryd baie ernstig, want vir hom gaan dit nie oor hoe ver ons wen nie, maar hoe die Maties gaan wen. 'n Intervarsity verskil geheel en al van 'n vriendskaplike of Curriebeker-wedstryd. Dok beskou 'n Intervarsity as 'n teelaarde van Springbokke. As 'n speler in 'n Intervarsity tussen al die gesing en geraas daarin slaag om kop te hou, beskik hy oor die nodige temperament om van hom 'n goeie speler te maak, en so 'n speler kan maar dopgehou word.

**Die feit dat 'n hele paar van die gereelde eerstespan spelers nie mag speel nie, sal volgens Dok 'n geringe invloed op die sterkte van die Matiespan hê, aangesien daar ewe goeie spelers beskikbaar is om hulle plekke te vul.**

### NEERLAAG

Oor die Maties se neerlaag in die '76 Intervarsity, voel Dok dat die Maties nie deur die nat veld gekortwiek is nie, maar dat die spelers 'n harde week agter die rug gehad het, en gevolglik tam was en onbeholpe voorgekom het. Saterdag sal so 'n faktor nie weer aanwesig wees nie, aangesien die Maties uitgerus en lus vir die wedstryd sal wees.

Dok het in die verlede nog altyd met die een of ander troefkaart vorendag gekom waarmee hy een en almal verras, maar oor môre se troefkaart swyg hy soos die graf. Al wat hy wou sê is: "Hulle sal moet goed wees as hulle ons wil wen."

Piet du Plessis, die Maties en WP se kaptein, is nie oorweeg vir die wedstryd nie, vanweë die nuwe reëling wat geld. *Die Matie* het met hom gaan gesels en sy mening oor die wedstryd gevra.

Die feit dat 'n paar van die gereelde eerstespanspelers nie mag speel nie, verswak geensins die Matie-span nie. Die Rugbyklub beskik oor besondere diepte, en daar is genoeg ander spelers om uit te kies wat heel waarskynlik net so goed is.

**Alhoewel die Ikeys se rugby verlede jaar 'n laagtepunt bereik het, meen Piet dat dit 'n feit is waaraan ons ons nie moet steur nie. Volgens hom gee 'n Intervarsity 'n hele ander atmosfeer en ander benadering tot die wedstryd wat in wese baie verskil van 'n gewone wedstryd.**

Volgens Piet sal 'n nat veld nie weer die Maties kortwiek soos in 1976 nie, en hierdie siening van hom grond hy op die invloed wat die nuwe afrigtingsmetodes op die spelers het.

### SUKSES-SEISOEN

**Oor die sukses van die Maties die afgelope seisoen, is Piet baie gelukkig, en hy skryf dit toe aan die goeie verstandhouding, en die onderlinge samehorigheidsgevoel wat daar heers. "Die manne is bereid om alles te gee vir mekaar."**



*Môre se Matie-kaptein, Robbie Blair, 'n splitsekonde voor die bal suiwer deur die pale gestuur word.*

# SR OORLEEF KRISIS

STELLENBOSCH se SR het die krisis waarvoor hy te staan gekom het met 'n mosie van wantroue, Maandagaand op die monstervergadering deurstaan, toe dié mosie van die tafel gehaal is deur 'n vergaderingsbesluit.

Die monstervergadering het baie positief en konstruktief verloop deurdat die studente-unie dit duidelik aan die SR uitgespel het dat hulle 'n kreatiewe politieke rol moet speel, maar die wantroue in die SR verwerp het. Die 1978-SR word nou die geleentheid gebied om hierdie rol self te vervul.

**Die uitvloei van die vergadering kom neer op 'n rasionale besluit wat ver verwyderd is van die persoonlike vetes waarvoor gevrees is.**

In die volgende uitgawe sal meer volledige beriggewing hieroor gedoen word.


**Uitgawe geborg deur Mont Rouge**

**Die Matie**
Vrydag, 5 Mei, 1978

# ROM, ROM, ROM . . . DIE 'BOSCH KOM!

OM die uitslag van enige intervarsity te probeer voorspel, is 'n onbegonne taak. Die rede hiervoor is dat dit nie sommer net nog 'n rugbywedstryd is nie, en veral wanneer Stellenbosch en Kaapstad slaags raak, is dit 'n "happening", selfs 'n oorlog.

Verder is Nuweland blykbaar die veld waar die epiese intervarsities gespeel word. Neem nou maar die "Paul Johnstone-intervarsity" van 1952, wat steeds die hoogtepunt van oud-Ikeys se gesprekke bly. Verlede jaar se Coetzenburg-wedstryd waar Maties die grootste oorwinning ooit behaal het (48-9) is Stellenbosch se logiese antwoord. Maar die epiese stryd in 1964 op Nuweland waar Stellenbosch op dramatiese wyse met 22-16 met die louere weggestap het, bly menige oud-Matie by.

Die hart en die verstand weerspreek mekaar dikwels, maar in 1978 lyk dit asof elke Matie hom deur beide kan laat lei. Tog sal te veel selfvertroue rampspoedig wees. Wie van ons sal dan 1976 se skok op Nuweland vergeet, toe Ikeys op verrassende wyse met 10-3 gewen het?

Dit is ook nodig dat die studente kennis neem van die ander sportsoorte waarin intervarsities gespeel word. Elders in hierdie uitgawe verstrek ons meer inligting hieroor. Rugby trek gewoonlik die meeste aandag, maar dit is net logies dat ondersteuning aan die ander sportmanne nie tekort behoort te skiet nie.

Intervarsity is egter nie net 'n sportgeleentheid nie. Dit is 'n dag om te geniet. Dit staan baie hoog op die kalender van belangrike sosiale gebeurtenisse op Stellenbosch. *Die Matie* wil 'n beroep op die studente-unie doen om hul vreugde egter op 'n matige wyse uit te leef. Dit verg nie meer as blote ordentlikheid om langs die regte weë van opgekropte opwinding ontslae te raak nie.

Wees kalm en geniet die geleentheid (oorwinning).



*OP DIE foto hierbo oorhandig mnr. Gert Agenbach, bestuurder van Barclays Nasionale Bank se Studentetak, 'n tjek van R800 as borgskap vir Intervarsity aan A.C. Ackermann, Intervarsity-konvenor.*

# 'Varsity-gesprek

**JOUBERT SCOTT**
**gesels met**



**MNR. PIET RETIEF**

TEN einde meer duidelikheid te verkry oor 'n paar aangeleenthede rakende die Intervarsity, het Joubert Scott met mnr. Piet Retief, Sekretaris van die Departement van Sport en Ontspanning gaan gesels. Mnr. Retief is uit hoofde van sy amp nou betrokke by die organisering van die Intervarsity.

*As ons kyk na Intervarsities in die verlede, sou u saamstem dat Stellenbosch die gebeurtenis oorheers het?*

Ja, dit is so dat ons oor die afgelope paar jare die Intervarsities oorheers het, en dit is miskien nie 'n gesonde toedrag van sake nie. Maar as 'n mens teruggaan in die verlede, sien jy dat in die tydperk tussen 1943-1947 die Ikeys onoorwonne was, en dat die Maties slegs een keer gelykop kon speel. In die tydperk tussen '30 en '40 het die Maties weer nooit verloor nie. So, dit gebeur dikwels dat 'n klub 'n hoogtepunt bereik, wat so 'n klub vir 'n paar jaar sal dra. Die Matie-rugbyklub beleef die afgelope aantal jare so 'n hoogtepunt, veral vanweë die afrigtingmetodes en afrigters waaroor die Rugbyklub beskik.

Ek is jammer om te moet sê dat Ikeys verlede jaar 'n laagtepunt bereik het wat hulle rugby betref, en vanjaar vaar hulle ook nie baie goed nie. Maar onthou wat het in 1976 gebeur? Dit kan enige tyd weer gebeur.

As 'n mens aan Intervarsity dink, dink jy onwillekeurig net aan rugby. Maar Intervarsity behels veel meer as dit; daar is sing-songs, dirigente, "Die Besem", trompoppies ens. Dit alles vorm deel van Intervarsity, en nie net die rugby alleen nie.

### REËL

*Wat is die presiese reël rakende spelers wat mag speel en nie mag speel nie?*

Verlede jaar kon enige persoon wat lid was van die onderskeie klubs deelneem maar vir vanjaar se Intervarsity geld daar ander reëls, wat ook slegs vir Intervarsity sal geld. Slegs bona fide studente mag vanjaar deelneem. Bona fide studente word geag studente te wees wat nie afhanklik van 'n salaris is nie, maar studente wat verplig is om prakties te doen teen vergoeding, bly bona fide-studente.

### KAARTJIES

*Wat kaartjies betref, hoekom kan die rugbyklub nie 'n reëling tref om seisoenkaartjies ongeldig te maak vir hierdie wedstryd nie, aangesien dit tog ons wedstryd is?*

Dit gebeur dat studente nooit gedurende die jaar die Maties se wedstryde op Coetzenburg of elders ondersteun nie, maar met Intervarsity wil almal kaartjies hê. Daar is baie donateurs en lewenslede van die Rugbyklub, aan wie daar uit die aard van die saak kaartjies voorsien moet word. Die houers van seisoenkaartjies is byna elke Saterdag op Nuweland, en dit sou ook onbillik teenoor hulle wees om nou skielik hul kaartjies ongeldig te maak.

Die studente moet ook redelik wees. Daar word bykans 'n duisend kaartjies aan die studente verskaf wat relatief gesproke baie is.

### MAATREËLS

*Word daar enige buitengewone maatreëls getref om toe te sien dat studente nie weer op die veld sal verskyn nie?*

Die Universiteit van Kaapstad bied die Intervarsity vanjaar aan, en gevolglik is hulle vir sodanige maatreëls verantwoordelik. Ek hoop egter dat so iets nie weer vanjaar gaan gebeur nie, want die dames oefen lank vir hul optredes voor die wedstryd, en as hulle nie jou pret bederf, word daar van studente verwag om ook nie hulle pret te bederf nie.

Verder is sodanige optredes 'n klad op ons Universiteit se naam, en skep dit 'n uiters ongunstige beeld van ons Universiteit.

*Watter Intervarsity wat u tot dusver gesien het, sal u die langste bybly?*

Al die Intervarsities wat ek gesien het, het almal iets gehad wat ek altyd sal onthou, maar die Intervarsity van 1946 sal ek beskou as die een wat my die langste sal bybly. Daardie jare was ek ook die dirigent van die Maties, en ek is die aand voor die wedstryd uit Dagbreek ontvoer en na die Ikey-kampus geneem. Ek het gelukkig daarin geslaag om 2 uur die nag te ontsnap, en was die volgende oggend op my plek om die sang te lei.

# Voorspellings

**A.C. Ackermann:** "Veral na verlede jaar se sege, moet ons nie nou die fout maak om hulle te onderskat nie, maar ek twyfel nie oor die finale uitslag nie."

**Wesley Vos, Studentevaria-konvenor:** "Stellenbosch sal, soos altyd, amok maak."

**Karien van Zijl, derdejaar:** "Die Maties het geen kans nie."

**Julian du Plessis, derdejaar:** "Ons sal seker wen."

**Abraham Singels, vierdejaar:** "Ons gaan vreeslik ver wen."

**Gawie Smit, derdejaar:** "Ons gaan definitief wen."

**Ingrid Koning, Mej. Matieland:** "I'm very confident that the Maties will win."

**Elsabè Gelderblom, eerstejaar:** "Dit sal nie regtig 'n wedstryd wees nie, want ons is te sterk."

**Hannes Pretorius, bekende heelagter:** "Dit sal hard wees, maar ek is seker ons gaan wen."

**Rudy Volman, derdejaar:** "Maties het 'n baie goeie kans hierdie jaar."

**Riza van Zyl, derdejaar:** "Dis nie nodig om daaroor te dink nie, dis duidelik."

**Ina Wehmeyer, derdejaar:** "Ons gaan wen ja, ten spyte van die beserings."

**Kevin Adendorff, Huiskomiteelid Helshoogte:** "Ons gaan seker wen."

**Hannes Koegelenberg, SR-lid:** "Maties gaan wen."

**Fanie Bergh, SR-lid:** "Ons gaan ver wen."

## REDAKSIE 1978

**HOOFREDAKTEUR:** CHRIS HEYMANS, Redaksiekantore: Langenhoven-sentrum 436 en 438 (Tel: 70247); Woonadres: Buitekringweg 17, Dalsig, (Tel: 72709) Boodskappe: Die Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS (Tel: 3702)
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** LOUIS HEYNEMAN, Helshoogte (Tel: 4380)
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** ERNST RÖTH, Sabo Sela (2345)
**TIPOGRAFIESE REDAKTEUR:** KOBUS PIENAAR, Eendrag (2101)
**NUUSREDAKTEUR:** CALLIE VISAGIE, Eendrag (2101)
**INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** JOHN VAN BREDA, Die Pieke 9 (3823)
**SPORTREDAKTEUR:** JOUBERT SCOTT, L'Avenir (2221)
**SOSIALE REDAKTEUR:** HENDRIK LE ROUX, Wilgenhof (2027)
**KUNSREDAKTEUR:** THEO SMITH, Chrisma-woonstelle No. 2, (72730)
**TAALREDAKTEUR:** JACQUES HUGO, Eendrag (2137)
**HOOFFOTOGRAAF:** JAN RICHTER, Huis van Zyl (Tel: 4184)
**SUB-REDAKTEUR-NUUS:** JOHAN LÖTTER, Eendrag. (2136)
**SUB-REDAKTEUR-INTERUNIVERSITER:** BEN KOCK, Majuba
**SUB-REDAKTEUR-SPORT:** WYNAND FOURIE, De Beerstraat 13
**SUBREDAKTEUR-SPORT:** KWARTUS SIEBERHAGEN, Dagbreek.
**SUB-REDAKTRISE-SOSIAAL:** ANNELIE ODENDAAL, Westside 7
**SUB-REDAKTEUR-KUNS:** WILLIE VAN DER MERWE, Dagbreek
**NUUSVERSLAGGEWERS:** Erika van Rooyen, Chris Jooste, E.R. Francken, Callie van Heerden, Carol van der Merwe, Johann Theron, J.D. Smit, G. Nienaber, Ilse de Villiers.
**INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** Martin Mittner, C. Kotze, Magdalena Mouton, G. Barnard, L. Steenkamp.
**SPORTVERSLAGGEWERS:** Trudie Botha, G. Oosthuizen, H. Cilliers, Coenraad Pieterse, J. van Tonder, Elsa Wasserfall, Charles Roux, Andries Calitz.
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** Piet Naudé, Susan Traut, Linda Parker, Lydia Albertyn, Winifred Botha, Jean Jordaan.
**KUNSVERSLAGGEWERS:** Ulla Schüler, Helga Demasius, Lisba Vosloo, Hendrik van der Merwe, André Roothman, Rita Barnard.
**SPOTPRENTTEKENAAR:** Clive Trent.
**HOOFVERSPREIDER:** Hannes Cilliers, Eendrag (2136)
**VERSPREIDER:** Dirk Ackermann
**SEKRETARESSE:** Anita Snyman, Westside 31 (72521)



*Op die foto verskyn die finaliste in die Sjampanjenooi-kompetisie. Hulle is in die gewone volgorde: Karen Naudé, Landa Fölscher, Deidre Schlase, Karen Herling, Isabelle Webb, Muriel Stander, Vanessa Botha, Suzanne Peacock en Karen Coetzee (Sjampanjenooi).*

**Geborg deur Mont Rouge**

# INTERVARSITY.. INTERVARSITY..

## ANDER SPORT

DIE Intervarsity tussen Maties en Ikeys begin reeds Vrydagmiddag wanneer die volgende sportsoorte aan die beurt kom:

Karate – 2 manspanne
Tafeltennis – 2 manspanne en 1 damespan
Judo – 2 manspanne
Muurbal – 2 mans- en 2 damespanne
Skerm – 1 mans- en 1 damespan.

**Saterdagoggend:**
Pluimbal – 1 gemengde span
Aflos – 4 mans- en 2 damespanne
Netbal – 1 span
Vlugbal – 2 manspanne
Vierde rugbyspan.

**Saterdagmiddag:**
Maties, Victoriane en die 2de span.
Tye en plekke sal op die onderskeie kennisgewingborde verskyn.

## Fair Intervarsity?

*(Cont. from p. 4, col. 3)*

**van Riebeeck) and Rob Bolus (Bishops).**

Alas, I must confess to serious reservations about future predikante playing a rough, physical contact game like rugby. Men of the pulpit have to preach peace and goodwill. Sorry, tokkelok Pierre Goosen.

There may be other border-line cases of which I am not aware, but we don't want to be too hard on the Maties. I would be prepared to accept the following team as conforming to the new, purified code of eligibility for Saturday's big day as laid down by Rector Jannie de Villiers and Sir Richard Luyt:

Jan Geldenhuys, Deon van Blommenstein, Dirk Scott, Francois Joubert, Agie Koch, Cassie Carstens, Martyn van Blommenstein, Sakkie Mocke, Jan Nieman, Hempies du Toit, Schalk Burger, Bernard Pienaar, Willem Schmidt, Piet Theron, J.P. Geldenhuys.

**Footnote: My money would still be on the Maties to win . . .**

# TELLINGS DEUR DIE JARE

| JAAR | MATIES | IKEYS | JAAR | MATIES | IKEYS | JAAR | MATIES | IKEYS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1918 . . . | 0 | 0 | 1931 . . . | 3 | 3 | 1953 . . . | 3 | 3 |
| 1918 . . . | 0 | 0 | 1932 . . . | 12 | 6 | 1954 . . . | 10 | 14 |
| 1919 . . . | 9 | 0 | 1933 . . . | 8 | 3 | 1955 . . . | 19 | 3 |
| 1920 . . . | 28 | 0 | 1934 . . . | 0 | 0 | 1956 . . . | 5 | 8 |
| 1920 . . . | 20 | 0 | 1935 . . . | 14 | 0 | 1957 . . . | 9 | 0 |
| 1921 . . . | 3 | 8 | 1936 . . . | 9 | 8 | 1958 . . . | 19 | 3 |
| 1921 . . . | 3 | 4 | 1937 . . . | 6 | 0 | 1959 . . . | 9 | 0 |
| 1922 . . . | 3 | 0 | 1938 . . . | 14 | 8 | 1960 . . . | 11 | 3 |
| 1922 . . . | 10 | 0 | 1939 . . . | 12 | 0 | 1961 . . . | 6 | 9 |
| 1923 . . . | 3 | 4 | 1940 . . . | 5 | 11 | 1962 . . . | 3 | 3 |
| 1923 . . . | 3 | 12 | 1941 . . . | 6 | 6 | 1963 . . . | 20 | 6 |
| 1924 . . . | 0 | 0 | 1942 . . . | 8 | 3 | 1964 . . . | 22 | 16 |
| 1924 . . . | 0 | 14 | 1943 . . . | 3 | 3 | 1965 . . . | 11 | 11 |
| 1925 . . . | 7 | 14 | 1944 . . . | 0 | 0 | 1966 . . . | 6 | 3 |
| 1925 . . . | 9 | 4 | 1945 . . . | 3 | 11 | 1967 . . . | 13 | 0 |
| 1926 . . . | 3 | 0 | 1946 . . . | 0 | 11 | 1968 . . . | 0 | 0 |
| 1926 . . . | 10 | 0 | 1947 . . . | 0 | 0 | 1969 . . . | 20 | 15 |
| 1927 . . . | 4 | 11 | 1948 . . . | 3 | 12 | 1970 . . . | 12 | 3 |
| 1927 . . . | 6 | 0 | 1950 . . . | 11 | 5 | 1971 . . . | 19 | 7 |
| 1928 . . . | 7 | 17 | 1951 . . . | 0 | 0 | 1972 . . . | 31 | 16 |
| 1929 . . . | 4 | 17 | 1952 . . . | 8 | 24 | 1976 . . . | 3 | 10 |
| 1930 . . . | 7 | 6 | | | | 1977 . . . | 48 | 9 |



# MATIES DIE ONBETWISTE GUNSTELLINGE

## MAAR ONTHOU DIT IS INTERVARSITY

DEUR GEORGE GERBER (RAPPORT)

INTERVARSITY – en laat dit maar hard en duidelik gesê word, daar is net één Intervarsity, en dit is dié tussen die Maties en Ikeys – is geen gewone wedstryd nie. Dit is dié een wedstryd wat gewen MOET word.

Die legendariese Oubaas Markötter, wat in die eerste vyftig jaar van hierdie eeu soos 'n reus getroon het oor Stellenbosse rugby, en ook oor S.A. rugby, het altyd gesê Suid-Afrika kom eerste, Stellenbosch tweede en die Westelike Provinsie "a damn bad third". Hy was nie 'n man wat hom aan uitslae, bekers en sulke dinge gesteur het nie, maar wanneer die Maties vir die Ikeys met Intervarsity pak, was daar altyd een ding voorop in die gedagte van die Oubaas: Kom wat wil, die Maties moes wen.

Hoe ernstig hierdie man van staal met die Bismark-voorkoms en houding Intervarsity bejeën het, blyk daaruit dat mev. Markötter op 'n aand voor Intervarsity vir Danie Craven, toe kaptein van die Maties, by Wilgenhof gebel het om te sê dat die Oubaas al nagte nie slaap vanweë kommer dat die Maties Intervarsity kan verloor. "Hy loop snags op en af in die huis van kommer", was haar woorde.

Sy het gesê dat die Matiespan na hulle huis in Dorpstraat moes kom, want die Oubaas wil hulle sien. Daar tref hulle hom in die voorkamer aan, besig om op en af te stap. Sy woorde aan hulle was: "Onthou, julle speel môre nie net vir Stellenbosch nie. Julle speel ook vir alle oud-Maties dwarsoor die land. Julle mag hulle nie teleurstel nie". Onnodig om te sê, die Oubaas se woorde steek die Maties so aan die brand dat dit 'n siedende Maroen-span word wat die volgende dag alles in sy pad op Nuweland verskroei en verteer.

### TROEFKAART

Dr. Danie Craven het sy rugby aan die voete van Oubaas Mark geleer. En in die tweede helfte van hierdie eeu troon hy, soos Oubaas Mark in die eerste, soos 'n reus oor Stellenbosse en S.A. rugby. En soos Oubaas Mark is Dok ook lief om 'n troefkaart vir Intervarsity uit die sak te haal, en met dodelike resultate. Toe hy in 1967 vir Rampie Stander (later 'n Springbok) uit 'n koshuisspan gaan haal en hom in die voorry in die eerste span sit vir Intervarsity, was almal op Stellenbosch, met inbegrip van Rampie, skoon verstom. Niemand het op Stellenbosch eintlik geweet wie Rampie was nie. Maar daardie dag skrum die Maties vir die Ikeys pootuit, en wen die Intervarsity.

### MATIE-MASJIEN

'n Magtige Matie-masjien sal die Ikeys Saterdag op Nuweland aandurf. Dis 'n sterkbelaaide Matie-span wat alles voor hulle weggeveeg het in die nasionale klubkampioenskap en feitlik op sy eie Transvaal kort gelede op Nuweland platgeloop het toe die W.P. teen die Rooibontes gespeel het.

### ONDERSKAT

Daarenteen lyk die Ikeys vanjaar nie so sterk nie. Maar moet die manne van Ikeyland nie onderskat nie, want met Intervarsity speel hulle dikwels bo hulle vermoëns.

## *Rats*



*DIVAN SERFONTEIN, ratse klein skrumskakel van die Maties, wat môre 'n groot rol in die Maties se aanval kan speel met sy spoed om die skrum.*

# *A Fair Intervarsity?*

BY A.C. PARKER – (SPORTS EDITOR, THE ARGUS)

SO the Maties will be playing the Ikeys at Newlands on Saturday with only bona fide students. Out are farmers (Boland Coetzee), lecturers (Piet du Plessis) and agricultural implements salesmen (Bossie Clarke).

Anything that is going to even up the prospects is welcome, I say. After all, we don't want a repetition of last year's result when Stellenbosch piled up 48 points. No one really enjoys watching a one-sided rugby contest – except perhaps Norman East, *The Argus* statistician, who informed us last week that the Maties had already chalked up 200 points and 40 tries so far this season.



*PAUL ANDERSON en ROB LOUW, twee van die Maties se losvoorspelers, wat groot gevaar vir die Ikeys inhou. Hierdie twee spelers kan dalk Dok se troefkaart môre wees.*

**But I'm afraid that restricting the Maties to pukka students is not alone going to bring about what we all want – a game between evenly matched sides. I have long felt that it is unfair for the Maties to call on "foreigners" – that is to say, players who had their schooling up to matric outside the Western Province.**

**This rules out fly-half Robbie Blair and scrum-half Divan Serfontein, who came to Matieland from Bloemfontein and Vereeniging respectively. And also, of course, New Zealander Paul Anderson – a "foreigner" in the true sense of the term. To this list add centre Willie du Plessis (Gill College, Somerset East), prop Flip van der Merwe (Diamantveld, Kimberley) and hooker Shaun Povey (Grey High, Port Elizabeth).**

It is, of course, unthinkable that an ex-Ikey in Dave Zietsman can now play for the Maties against his old Alma Mater.

**Then I would ask "Doc" Craven if it is altogether the right thing to consider for selection Maties who come from the so-called "Town" schools area. Should the team for Intervarsity not be confined to products of schools like Paul Roos, Paarl Boys' High, Paarl Gym, Hottentots Holland, Strand? So, with regret, we must also discard eighth man Rob Louw (Wynberg Boys' High), full-back Hannes Pretorius (Jan**

*(Cont. on p. 3, col. 1)*




JOUBERT SCOTT

DIT is weer Intervarsity, en vir weke lank word daar net oor kaartjies en sing-songs gepraat. Intervarsity is 'n unieke gebeurtenis in elke Matie se lewe, en dit is 'n ervaring wat jaarliks iets meebring waarmee slegs 'n Matie hom kan vereenselwig. Dit is môre weer 'n voorreg om student te kan wees.

Wanneer die Maties môre teen die Ikeys op die veld draf, gaan elke Matie wat daar langs die veld is, 'n gevoel in hom of haar kry wat jy nie aan enige iemand anders kan oorvertel nie. Want as die Maties teen Ikeys speel, gebeur iets in jou wat net 'n ware Matie kan ervaar. Die gevoel wat elke Matie in hom kry, kom tot uiting in die gesing en gejuig op die pawiljoen. En watter aansporing is dit nie vir die spelers as hulle ondersteuners hulle so aanmoedig nie? Dit moet vir elke speler 'n groot bron van motivering wees as hy weet dat duisende Maties en oud-Maties bankvas agter hulle staan. Dan kan hulle mos nie anders as om weer soos verlede jaar te maak nie?



*'n Paar van die voorspelers verskyn hier terwyl hulle besig is om onder die kennersoog van Dok voor te berei vir die wedstryd.*

**Ja, maar verlede jaar is allesbehalwe vanjaar, en vanjaar kan net mooi die teenoorgestelde as verlede jaar gebeur. Maar dit lyk na 'n onmoontlikheid. Die Maties se rekord vanjaar lyk baie goed. Eers Ammosal, toe Shimlas, en nog meer, die Tukkies ook. Maar hierdie indrukwekkende rekord kan ook ons ondergang wees. Die Ikeys het alles om te wen. Hulle rekord vanjaar is minder indrukwekkend en juis daarom sal hulle alles in die stryd werp vir die groot stryd. Ons daarenteen, het alles om te verloor.**

### KOSHUISRUGBY

Wilgenhof en Simonsberg is tot sover die enigste onoorwonne spanne in die koshuisrugby. Wilgenhof se span lyk besonder gedug, en veral hul agterlyn lyk gevaarlik maar hul voorspelers kom kwesbaar voor.

**Simonsberg beskik vanjaar oor 'n baie sterk span, en onder die bekwame hande van mnr. Nelie Smit as afrigter, gaan hulle moeilik geklop word. Voeg daarby die oorwinnings-gees wat in Simon posgevat het na hul oorwinnings in die atletiek en boks, en hulle lyk onkeerbaar.**

UITGAWE GEBORG DEUR MONT ROUGE